PAIA-HANDLEIDING

Saamgestel kragtens artikel 14 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000 (soos gewysig)

Dokumentbeheer	
Verantwoordelike direkteur:	Pumzile Mbaliswana
Volgende hersieningsdatum:	Mei 2024
Kontakbesonderhede:	mun@sbm.gov.za

Goedgekeur deur die Raad op: 9 Mei 2023

Raadsbesluit: R39/5-23

INHOUDSOPGAWE

1. LYS VAN AKRONIEME, AFKORTINGS EN NUTTIGE TERME 3
2. DOEL VAN PAIA-HANDLEIDING 5
3. INSTELLING VAN MUNISIPALITEIT SALDANHABAAI 5
4. STRUKTUUR EN FUNKSIES VAN MUNISIPALITEIT SALDANHABAAI 7
5. BELANGRIKE KONTAKBESONDERHEDE VIR TOEGANG TOT INLIGTING VAN SBM 13
6. BESKRYWING VAN ALLE REGSMIDDELE BESKIKBAAR TEN OPSIGTE VAN ’N HANDELING OF VERSUIM OM TE HANDEL DEUR DIE MUNISIPALITEIT SALDANHABAAI 14
7. GIDS OOR HOE OM PAIA TE GEBRUIK EN HOE OM TOEGANG TOT DIE GIDS TE VERKRY ... 16
8. BESKRYWING VAN DIE ONDERWERPE WAAROOR SBM REKORDS HOU EN KATEGORIEË VAN REKORDS WAT DEUR SBM GEHOU WORD 18
9. KATEGORIEË REKORDS VAN SBM WAT BESKIKBAAR IS SONDER DAT ’N PERSOON TOEGANG DAARTOE HOEF TE VERSOEK 18
10. PROSEDURE VIR TOEGANG TOT REKORDS WAT DEUR SBM GEHOU WORD 18
11. SBM SE DIENSTE WAT VIR LEDE VAN DIE PUBLIEK BESKIKBAAR IS EN HOE OM TOEGANG TOT DAARDIE DIENSTE TE VERKRY 23
12. OPENBARE BETROKKENHEID BY DIE FORMULERING VAN BELEID OF DIE UITOEFENING VAN BEVOEGDHEDE OF UITVOERING VAN PLIGTE DEUR SBM 24
13. VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING 25
14. BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING 30
15. BYWERKING VAN DIE HANDLEIDING 30

Bylaes:

- Bylae A: Klagtevorm vir beweerde inmenging met die beskerming van persoonlike inligting van die datasubjek (POPIA)
- Bylae B: Klagtevorm wat deur derde party gebruik word as die derde party die interne appèlprosedure teen ’n besluit van die Inligtingsbeampte (PAIA) uitgeput het
- Bylae C: Voorgeskrewe PAIA-aansoekvorm
- Bylae D: Beskrywing van die kategorieë SBM-rekords wat outomaties beskikbaar is – (vrywillige bekendmaking)
- Bylae E: Voorgeskrewe gelde betaalbaar – 2022/23-boekjaar
- Bylae F: Appèlvorm
- Bylae G: Beskrywing van die onderwerpe waaroor SBM rekords en kategorieë van rekords hou

VRYWARING

Hierdie Gids onthef nie die gebruiker van die verantwoordelikheid om hul eie vaardigheid en sorg uit te oefen met betrekking tot die vereistes of verpligtinge wat deur enige wetgewing opgelê word nie. Verder voorsien hierdie Gids nie regsadvies nie en is dit nie bedoel om ***PAIA*** *of regulasies uitgevaardig kragtens* ***PAIA*** *te vervang nie. Die Reguleerder aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies wat as gevolg van vertroue in hierdie Gids gely word nie.*

1. LYS VAN AKRONIEME, AFKORTINGS EN NUTTIGE TERME

1.1	**"AIB"**	Adjunk-Inligtingsbeampte
1.2	**"GOP"**	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan
1.3	**"IB"**	Inligtingsbeampte
1.4	**"MFMA"**	Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003
1.5	**"Minister"**	Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste
1.6	**"MPRA"**	Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2000
1.7	**"PAIA"**	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000
1.8	**"POPIA"**	Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013
1.9	**"Reguleerder"**	Inligtingsreguleerder
1.10	**"SBM"**	Munisipaliteit Saldanhabaai
1.11	**"Stelselswet"**	Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000
1.12	**"Strukturewet"**	Wet op Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998

Nuttige terme:

Adjunk-Inligtingsbeampte	Die Adjunk-Inligtingsbeampte is die persoon wat deur die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam aangewys of gedelegeer is om die versoeker met sy/haar versoek om inligting te help, en aan wie die Inligtingsbeampte ander PAIA-bevoegdhede kan delegeer.
Administrateur	'n Staatsorgaan of enige natuurlike of regspersoon wat administratiewe handelinge uitvoer.
Administratiewe handeling	Enige besluit wat geneem word, of die versuim om 'n besluit te neem, deur a) 'n staatsorgaan, wanneer: i) 'n bevoegdheid kragtens die Grondwet of 'n provinsiale grondwet uitgeoefen word; of ii) 'n openbare bevoegdheid uitgeoefen word of 'n openbare

	funksie uitgevoer word kragtens ''n bemagtigende bepaling wat die regte van enige persoon beïnvloed en wat 'n direkte, eksterne regsuitwerking het.
Dae	Tensy in 'n artikel van PAIA gespesifiseer as 'n 'werkdag', word 'n dag as 'n kalenderdag beskou. Om die tydperk te bereken, word die dag waarop die versoek ontvang word, buite rekening gelaat en elke dag daarna word ingesluit, met inbegrip van naweke en openbare vakansiedae, tot die laaste dag getel word. Indien die laaste dag waarop daar op 'n versoek gereageer moet word, op 'n Sondag of openbare vakansiedag val, word die volgende dag as die laaste dag getel.
Datasubjek	Die persoon op wie persoonlike inligting betrekking het.
Gemagtigde persoon	Die gemagtigde persoon is die persoon wat 'n versoek rig namens iemand anders, en wat behoorlik en skriftelik daartoe gemagtig is.
Gids	Hierdie Gids, opgestel ter nakoming van artikel 10 van PAIA, soos gewysig, wat ten doel het om hulp te verleen aan 'n persoon wat enige reg wil uitoefen wat in PAIA en die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 beoog word.
Inligtingsbeampte	Die Inligtingsbeampte is die persoon wat gemagtig is om PAIA-aansoeke te behartig. Die Munisipale Bestuurder of die persoon wat as sodanig waarneem, is die Inligtingsbeampte by 'n munisipaliteit.
Inligtingsreguleerder	Die Kantoor van die Inligtingsreguleerder is ingestel kragtens artikel 39 van POPIA om nakoming van POPIA en PAIA te monitor en af te dwing.
Interne appèl	'n Interne appèl is die proses waarvolgens 'n besluit wat gemaak word oor 'n PAIA-versoek aan 'n openbare liggaam, uitgedaag word; dié proses moet voltooi word voordat 'n uitdaging aan die Reguleerder of 'n hof met jurisdiksie gerig kan word.
Outomaties beskikbare rekords	Dit is rekords wat 'n openbare of privaat liggaam sal voorsien aan 'n versoeker, sonder dat hy/sy 'n versoek moet indien. Hierdie rekords word in 'n 'kennisgewing van vrywillige openbaarmaking' gelys.
Regulasies	PAIA stel die Minister in staat om regulasies ter aanvulling van die Wet uit te reik wat in die Staatskoerant gepubliseer moet word, en dit dek kwessies soos die vorms wat gebruik moet word.
Rekord	'n Rekord van enige aangetekende inligting, ongeag die vorm, insluitend byvoorbeeld skriftelike dokumente, oudio-, digitale en videomateriaal. 'n Rekord wat van 'n openbare liggaam versoek word, verwys na 'n rekord wat in daardie organisasie se besit is, ongeag of daardie organisasie die rekord opgestel het.
Toegangsgelde	Hierdie toegangsgelde word deur die versoeker betaal aan die liggaam van wie u die inligting versoek om die koste te dek om die rekords wat u vereis, te vind en te kopieer.
Veronderstelde weiering	Indien geen reaksie binne die voorgeskrewe tydperk ontvang word nie, word dit as 'veronderstelde weiering' omskryf.

2. DOEL VAN PAIA-HANDLEIDING

Hierdie PAIA-handleiding is nuttig vir die publiek om –

2.1 die aard van die rekords wat reeds by die Munisipaliteit Saldanhabaai (SBM) beskikbaar mag wees, vas te stel sonder om ’n formele PAIA-versoek hoef te rig;

2.2 te verstaan hoe om ’n versoek om toegang tot ’n rekord aan SBM rig;

2.3 al die kontakbesonderhede te hê van die persoon of persone wat die publiek sal help met die rekords waartoe hulle toegang wil verkry;

2.4 te weet watter regsmiddele vir ’n versoek om toegang tot rekords by SBM beskikbaar is, vóór die Reguleerder of die howe genader word;

2.5 ’n uiteensetting te hê van die dienste wat deur SBM aan die publiek gelewer word en hoe om toegang tot daardie dienste te verkry;

2.6 ’n uiteensetting te hê van die Gids oor hoe om PAIA te gebruik, soos bygewerk deur die Reguleerder, en hoe om toegang daartoe te verkry;

2.7 te weet of die liggaam persoonlike inligting sal verwerk, die doel van die verwerking van persoonlike inligting, en die beskrywing van die kategorieë datasubjekte en van die inligting of kategorieë inligting wat daarmee verband hou;

2.8 te weet of SBM beplan om persoonlike inligting buite die Republiek van Suid-Afrika te stuur of te verwerk, en die ontvangers of kategorieë ontvangers aan wie die persoonlike inligting verskaf kan word; en

2.9 te weet of SBM geskikte sekuriteitsmaatreëls het om die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van die persoonlike inligting wat verwerk staan te word, te verseker.

3. INSTELLING VAN MUNISIPALITEIT SALDANHABAAI

Die Munisipaliteit Saldanhabaai is op 22 September 2000 ingestel (Provinsiale Kennisgewing 484, Koerant No. 5589) deur die samesmelting van die voormalige plaaslike rade, naamlik Munisipaliteit Langebaan, Munisipaliteit Hopefield, die Weskus Skiereiland Oorgangsraad en die Malmesbury Verteenwoordigende Oorgangsraad (in die mate dat die gebied binne die grense van die plaaslike munisipaliteit ingesluit is).

3.1 Doelwitte/mandaat

SBM word as deel van die plaaslike vlak van regering deur ’n stel wetgewing gemagtig om sy grondwetlike doelwitte te bereik, naamlik die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA), Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van

2000 (Stelselswet), Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998 (Strukturewet), en Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2000 (MPRA). Al hierdie stukke wetgewing (saam met die verskillende regulasies wat kragtens daarvan uitgevaardig is) voorsien ’n raamwerk vir ’n demokratiese, verantwoordbare en ontwikkelingsgerigte stelsel van plaaslike regering, soos beoog in artikel 152 van die Grondwet.

SBM se uitvoerende gesag berus by die munisipale Raad wat dus daarvoor verantwoordelik is om topvlakbesluite te neem oor hoe die munisipale gebied bestuur word. Die Raad is ook die wetgewende liggaam van SBM en formuleer en implementeer beleide en verordeninge wat plaaslike wette is wat spesifiek vir toepassing binne sy regsgebied saamgestel word. Die Raad bepaal die tariewe en dienste in SBM (beskikbaar op SBM se webwerf), besluit wat die begroting is en hoe dit bestee sal word, en gaan diensvlakooreenkomste aan met privaat agentskappe wat sake met SBM doen.

Wanneer die Raad van SBM besluite neem, word dit gerig deur die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), ’n raamwerk wat uiteensit hoe SBM beplan om sy doelwitte te bereik, tesame met ander langtermynplanne wat SBM se strategieë vir begroting en hulpbronvoorsiening inlig. Die beleide en verordeninge wat vir implementering deur die Raad goedgekeur word, word gemonitor deur die portefeuljekomitees of ‘artikel 79-komitees’ wat kragtens die Strukturewet ingestel word.

SBM het die reg om behoudens nasionale en provinsiale wetgewing en op eie inisiatief die plaaslikeregeringsake van sy gemeenskap te bestuur, soos bepaal in die Grondwet. In hierdie verband stipuleer artikel 152 van die Grondwet soos volg:

“Oogmerke van plaaslike regering

1. Die oogmerke van plaaslike regering is–

a. om demokratiese en verantwoordingspligtige regering vir plaaslike gemeenskappe te voorsien;

b. om te verseker dat dienste op volhoubare wyse aan gemeenskappe verskaf word;

c. om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder;

d. om ’n veilige en gesonde omgewing te bevorder; en

e. om die betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies by plaaslike regeringsaangeleenthede aan te moedig.

2. ’n Munisipaliteit moet daarna streef om binne sy finansiële en administratiewe vermoë die oogmerke in subartikel (1) uiteengesit, te verwesenlik.”

4. STRUKTUUR EN FUNKSIES VAN MUNISIPALITEIT SALDANHABAAI

4.1 ORGANISATORIESE STRUKTUUR

Plaaslike regering funksioneer in ’n aanhoudend veranderende omgewing en sy strukture en dienste kan dus verander. Die Raad se visie, oogmerke en strategiese prioriteite word voortdurend hersien en die betrokke huidige strukture word met sy nuwe strategiese rigting in ooreenstemming gebring. Die huidige organisatoriese struktuur word in die organogram hieronder aangedui, en die Raad se strukture vir oorsigbestuur word in die daaropvolgende grafiek aangedui.

4.1.1 Struktuur

Munisipaliteit Saldanhabaai - Hoëvlak-organogram



MUNISIPALITEIT SALDANHABAAI: REGERINGSBESTUURSTRUKTURE



4.1.2 Funksies

Artikel 152(1) van die Grondwet stel die grondwetlike grondslag vir die oogmerke van plaaslike regering en bepaal dus ’n stel verpligtinge wat SBM as ’n plaaslike regering moet nakom. Artikel 152(2) bepaal in die besonder dat ’n munisipaliteit daarna moet streef om binne sy finansiële en administratiewe vermoë die oogmerke in subartikel (1) uiteengesit, te verwesenlik. Om dit te bereik, beskik SBM oor stelsels en programme wat die grondslag van sy munisipale administratiewe funksies vorm.

Die Kantoor van die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir alle aspekte van regeringsbestuur, byvoorbeeld om nakoming van statutêre vereis en die uitvoering van SBM se beleide, prosesse en prosedures te verseker. Die Munisipale Bestuurder is ook die Inligtingsbeampte van SBM.

Die Munisipale Bestuurder word ondersteun deur ’n uitvoerendebestuurspan (EMT) wat kragtens artikel 57 van die Wet op Munisipale Stelsels aangestel is. Elke lid staan aan die hoof van die direktoraat en is verantwoordelik vir sleutelfunksies van die organisasie. Dit behels onder meer die implementering van die Raad se besluite en om leiding te bied in SBM se strewe ter bereiking van sy strategiese doelwitte, soos elke jaar in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) uiteengesit.

Vir hierdie doel, onder die direkte verantwoordelikheid van die Munisipale Bestuurder, verrig direkteure en die departemente wat aan hulle rapporteer die volgende funksies:

Kantoor van die Munisipale Bestuurder

- Bestuur van kliënteverhoudinge
- Internasionale betrekkinge
- Interne en eksterne kommunikasie
- Interne oudit
- Regsdienste

Munisipale Bestuurder – mnr. H. Mettler
Telefoon: 022 701 7097
E-pos: Heinrich.Mettler@sbm.gov.za

Direktoraat Infrastruktuur en Beplanningsdienste

- Waterdienste
- Afvalwaterdienste
- Paaie
- Stormwater
- Vaste-afvalbestuur
- Elektrotegniese dienste
- Siviele steundienste
- Meganiese dienste
- Behuising: Ontwikkeling/Koördinering/Bestuur van Begunstigdes
- Behuisingstrategie: Vooruitbeplanning
- Projekbestuurseenheid

Direkteur: Infrastruktuur en Beplanningsdienste - mnr. G. Smith
Telefoon: 022 701 7112
E-pos: Gerrit.Smith@sbm.gov.za

Direktoraat Gemeenskaps- en Bedryfsdienste

- Gemeenskapsale
- Koördinering van sport en fasiliteite
- Thusong: Veeldoelige sentrums
- Strande (skoonmaak)
- Kwekery en tuinboukundige dienste
- Stadsingenieurs (paaie, stormwater, water, parke, sportfasiliteite, openbare geriewe en begraafplase)
- Oorde
- Skoonmaak van strate, openbare plekke en fasiliteite
- Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP)

Direkteur: Gemeenskaps- en Bedryfsdienste - mnr. L. Volschenk

Telefoon: 022 701 7177

E-pos: Louis.Volschenk@sbm.gov.za

Direktoraat Finansies

- Finansiële jaarstate en opgawes
- Begroting en rekeningkunde
- Prosessering van finansiële data
- Inkomstebestuur
- Uitgawebestuur
- Voorsieningskanaalbestuur

Direkteur: Finansies - mnr. S. Vorster

Telefoon: 022 701 6977

E-pos: Stefan.Vorster@sbm.gov.za

Direktoraat Korporatiewe Dienste en Openbare Veiligheid

- Menslikehulpbronbestuur (MH)
- Administrasie
- Verkeersdienste
- Wetstoepassing
- Sekuriteitsdienste
- Brandbestryding en rampbestuur

- Biblioteke
- Oordrag van eiendom en grond
- Grondbeheer

Direkteur: Korporatiewe Dienste en Openbare Veiligheid - mnr. P. Mbaliswana

Telefoon: 022 701 7161

E-pos: Phumzile.Mbaliswana@sbm.gov.za

Ekonomiese Ontwikkeling en Strategiese Dienste

- Nakomingsbestuur
- Bedrogrisikobestuur (BRB)
- GOP (Geïntegreerde Ontwikkelingsplan)/PBS (Prestasiebestuurstelsel)/IRV (Interregeringsverhoudinge)
- DLBIP (Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan)
- PEO (Plaaslike ekonomiese ontwikkeling)
- Openbare deelname/Wyksadministrasie
- Feeste/geleenthede
- Vaardigheidontwikkelingsprogramme (werkloses)
- Kleinsake-ondersteuning
- Toerisme
- IOS (Industriële Ontwikkelingsone)
- Klein hawens
- Entrepreneuriese ontwikkeling
- Lughawens
- IKT (Inligting-en-kommunikasietegnologie)
- Oorde/museums (strategiese voorneme)
- Wykgebaseerde ontwikkeling en gemeenskapsontwikkeling
- Grondgebruik en ontwikkelingsbeheer/hulptoonbank
- Ruimtelike inligting en ingrypings/stedelike vernuwing
- Gebou-instandhouding
- Boubeheer

Direkteur: Ekonomiese Ontwikkeling en Strategiese Dienste - me. C. de Kock

Telefoon: 022 701 7159

E-pos: Cornell.deKock@sbm.gov.za

5. BELANGRIKE KONTAKBESONDERHEDE VIR TOEGANG TOT INLIGTING VAN SBM

Die kontakbesonderhede vir die munisipaliteit is soos volg: -

Munisipaliteit Saldanhabaai

Straatadres:	Posadres:
Hoofweg 12	Privaatsak X12
Vredenburg, 7380	Vredenburg, 7380

Telefoonnommer: 022 701 7000
Faksnommer: 022 715 1518
E-pos: mun@sbm.gov.za
Webwerf: www.sbm.gov.za

Kontakbesonderhede van die Inligtingsbeampte en Adjunkinligtingsbeamptes:

Inligtingsbeampte: Munisipale Bestuurder, mnr. H. Mettler
Telefoonnommer: 022 701 7098
Faksnommer: 022 715 1518

Adjunkinligtingsbeampte: Mnr. P. Mbaliswana
Direkteur: Korporatiewe Dienste en Openbare Veiligheid
Telefoonnommer: 022 701 7161
Faksnommer: 022 701 1518

Adjunkinligtingsbeampte: Mnr. S. Vorster
Direkteur: Finansies
Telefoonnommer: 022 701 6977
Faksnommer: 022 701 1518
Selnommer: 079 1792 882

Adjunkinligtingsbeampte: Mnr. G. Smith
Direkteur: Ingenieurs- en Beplanningsdienste
Telefoonnommer: 022 701 7112
Faksnommer: 022 715 1518

Adjunkinligtingsbeampte: Mnr. L. Volschenk
Direkteur: Gemeenskaps- en Bedryfsdienste
Telefoonnommer: 022 701 7177
Faksnommer: 022 715 1518

Adjunkinligtingsbeampte: Me. C. de Kock
Direkteur: Ekonomiese Ontwikkeling en Strategiese Dienste
Telefoonnommer: 022 701 7159
Faksnommer: 022 701 1518

6. BESKRYWING VAN ALLE REGSMIDDELE BESKIKBAAR TEN OPSIGTE VAN ’N HANDELING OF VERSUIM OM TE HANDEL DEUR DIE MUNISIPALITEIT SALDANHABAAI

Algemene navrae

Kontakbesonderhede: Beskikbaar van Maandag tot Vrydag (buiten openbare vakansiedae) vanaf

08:00 tot 16:00. Telefoon: 022 701 7000

Faks: 022 701 1518

E-pos: mun@sbm.gov.za

Toonbanknavrae en posadres:

Straatadres:	Posadres:
Hoofweg 12	Privaatsak X12
Vredenburg, 7380	Vredenburg, 7380
Telefoonnommer: 022 701 7000	
Faksnommer: 022 715 1518	

a) ***Indiening van ’n interne appèl***

Indien u regte geskend is deur ’n besluit wat deur SBM geneem is, kan u ’n appèl indien deur die proses hieronder te volg.

Stap 1: Stel u kennisgewing van appèl saam.

U kennisgewing moet:

- op skrif wees;
- die redes vir die appèl meld;
- uiteensit hoe u regte deur die besluit geraak is;
- die regstelling of oplossing wat u verlang, bevat; en
- die oorspronklike kennisgewing van die besluit aangeheg hê.

Stap 2: Wanneer u kennisgewing volledig is, kan u dit per e-pos stuur na mun@sbm.gov.za of dit na 022 715 1518 faks. Skriftelike kennisgewings kan ook met die hand afgelewer word by die munisipale kantore by die volgende adresse:

Kantoor van die Munisipale Bestuurder

Munisipaliteit

Saldanhabaai

Straatadres:	Posadres:
Hoofweg 12	Privaatsak X12
Vredenburg, 7380	Vredenburg, 7380

b) ***Proses om klagtes by die Inligtingsreguleerder in te dien***

POPIA:

Enige persoon kan op die voorgeskrewe manier en vorm ’n klagte by die Reguleerder indien met bewerings van inmenging in die beskerming van die persoonlike inligting van ’n datasubjek. Indien u voel dat u persoonlike inligting geskend is, moet ’n klagte aan die Reguleerder op skrif ingedien word.

Indien die persoon wat die klagte wil indien om enige rede of onder enige omstandighede nie in staat is om dit skriftelik te doen nie, moet die Reguleerder redelike hulp aan die persoon verleen. Voltooi die voorgeskrewe vorm (aangeheg as **Bylae A**) en stuur dit na: **POPIAComplaints@inforegulator.org.za**.

Die Reguleerder moet sodra dit redelik moontlik is, die klaer en die verantwoordelike partye op wie die klagte betrekking het in kennis stel van die aksie wat die Reguleerder sal neem. Die Reguleerder mag op eie inisiatief ’n ondersoek instel na die inmenging in die beskerming van die persoonlike inligting.

Indien u voel dat u persoonlike inligting geskend is, vul die voorgeskrewe vorm in en stuur dit na: **POPIAComplaints@inforegulator.org.za**.

PAIA:

’n Versoeker of derde party kan alleenlik ’n klagte by die Reguleerder indien nadat daardie versoeker of derde party die interne appèlprosedure teen ’n besluit van die Inligtingsbeampte van ’n openbare liggaam of hoof van ’n privaat liggaam uitgeput het.

Indien u PAIA-versoek van die hand gewys word of indien daar geen reaksie van ’n openbare liggaam vir toegang tot rekords is nie, moet ’n klagte aan die Reguleerder op skrif ingedien word.

Indien die persoon wat die klagte wil indien om enige rede of onder enige omstandighede

nie in staat is om dit skriftelik te doen nie, moet die Reguleerder redelike hulp aan die persoon verleen. U kan die voorgeskrewe PAIA-vorm (aangeheg as **Bylae B**) gebruik en invul en dit stuur na **PAIAComplaints@inforegulator.org.za**.

Ná ontvangs van ’n klagte kan die Reguleerder óf die klagte op die voorgeskrewe wyse ondersoek óf dit na die Afdwingingskomitee verwys. Die Reguleerder kan ook besluit om geen aksie oor ’n klagte te neem as die geval geen verdere aksie vereis nie. Die Reguleerder moet ook ná ontvangs van ’n klagte, sodra dit redelik moontlik is, die klaer en die Inligtingsbeampte of die hoof van ’n privaat liggaam op wie die klagte betrekking het, in kennis stel van die aksie wat die Reguleerder voorstel.

c) ***Proses om die hof met jurisdiksie vir gepaste herstel te nader (PAIA-versoeke).***

Aansoek by die hof

’n Aansoek kan deur ’n **versoeker** of **derde party** by die hof ingedien word

- nadat daardie versoeker of derde party die interne appèlproses uitgeput het of
- nadat daardie versoeker of derde party die klagprosedure ten opsigte van die Inligtingsreguleerder uitgeput het.

’n **Aansoek aan die hof** deur ’n versoeker of derde party moet **binne 180 dae** na die datum van die betrokke voorval ingedien word. Die Inligtingsbeampte of appèlowerheid wat deur ’n besluit van die Reguleerder verontreg voel, kan **binne 180 dae** na die datum van die betrokke voorval vir gepaste herstel by die hof aansoek doen.

Sake vir toegang tot inligting kan in die Kaapstadse landdroshowe, as ’n hof van eerste aanleg, en die Wes-Kaapse Hooggeregshof aangehoor word.

7. GIDS OOR HOE OM PAIA TE GEBRUIK EN HOE OM TOEGANG TOT DIE GIDS TE VERKRY

7.1. Die Reguleerder het kragtens artikel 10(1) van PAIA die hersiene Gids oor hoe om PAIA te gebruik (“Gids”), beskikbaar gestel in ’n maklik verstaanbare vorm en op ’n verstaanbare wyse soos dit redelik benodig kan word deur ’n persoon wat enige reg wat in PAIA en POPIA beoog word, uit te oefen.

7.2. Die Gids is in elk van die amptelike tale beskikbaar.

7.3. Die voorgemelde Gids bevat die beskrywing van —

7.3.1. die oogmerke van PAIA en POPIA;

7.3.2. die pos- en straatadres, telefoon- en faksnommer en, indien beskikbaar, elektroniese posadres van –

7.3.2.1. die Inligtingsbeampte van elke openbare liggaam, en

7.3.2.2. elke Adjunkinligtingsbeampte van elke openbare en privaat liggaam aangewys kragtens artikel 17(1) van PAIA[2] en artikel 56 van POPIA[3];

7.3.3. die wyse en vorm van ’n versoek om –

7.3.3.1. toegang tot ’n rekord van ’n openbare liggaam beoog in artikel 11[4];

7.3.4. die hulp van die Inligtingsbeampte van ’n openbare liggaam wat kragtens PAIA en POPIA beskikbaar is;

7.3.5. die hulp van die Reguleerder wat kragtens PAIA en POPIA beskikbaar is;

7.3.6. alle regsmiddele wat ingevolge die reg beskikbaar is ten opsigte van ’n optrede of versuim om op te tree ten opsigte van ’n reg of plig wat deur PAIA en POPIA toegewys of opgelê word, insluitend die manier waarop –

7.3.6.1. ’n interne appèl;

7.3.6.2. ’n klagte aan die Reguleerder; en

7.3.6.3. ’n aansoek by ’n hof teen ’n besluit deur die Inligtingsbeampte van ’n openbare liggaam, ’n besluit oor ’n interne appèl of ’n besluit deur die Reguleerder of ’n besluit van die hoof van ’n privaat liggaam ingedien word;

7.3.7. die bepalings van artikel 14 en 51 wat vereis dat ’n openbare en privaat liggaam onderskeidelik ’n handleiding saamstel, en hoe om toegang tot daardie handleiding te verkry;

7.3.8. die bepalings van artikel 15 en 52 wat die vrywillige bekendmaking van kategorieë rekords deur onderskeidelik ’n openbare liggaam of ’n privaat liggaam bepaal;

7.3.9. die kennisgewings uitgereik kragtens artikel 22 en 54 ten opsigte van gelde wat vir versoeke om toegang betaal moet word; en

7.3.10. die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 92.

7.4. Lede van die publiek kan tydens normale werkure by die kantore van die openbare of privaat liggame, insluitend die kantoor van die Reguleerder, ’n insae hê in die Gids of afskrifte daarvan maak. Die Gids is ook soos volg verkrygbaar:

7.4.1. op versoek van die Inligtingsbeampte; of

7.4.2. op die webwerf van die Reguleerder (https://www.justice.gov.za/inforeg/).

8. BESKRYWING VAN DIE ONDERWERPE WAAROOR SBM REKORDS HOU EN KATEGORIEË VAN REKORDS WAT DEUR SBM GEHOU WORD

'Rekords' van SBM verwys na daardie rekords wat geskep of ontvang is in die loop van amptelike sake en wat gehou word as bewys van SBM se funksies, aktiwiteite en transaksies. Daar is verskillende vorme van rekords, byvoorbeeld korrespondensielêers, kaarte, planne, registers, agendas en notules wat in verskillende mediaformate beskikbaar kan wees, bv. papier, elektronies of op mikrofilm. **Bylae A** gee 'n beskrywing van die onderwerpe waaroor SBM rekords hou, asook die kategorieë rekords wat oor elke onderwerp gehou word.

9. KATEGORIEË REKORDS VAN SBM WAT BESKIKBAAR IS SONDER DAT 'N PERSOON TOEGANG DAARTOE HOEF TE VERSOEK

Toegang tot rekords wat deur SBM gehou word

9.1 **Bylae D** beskryf die kategorieë rekords van SBM wat outomaties beskikbaar is, sonder dat 'n persoon kragtens die Wet of deur outomatiese of vrywillige openbaarmaking toegang daartoe hoef te versoek.

10. PROSEDURE VIR TOEGANG TOT REKORDS WAT DEUR SBM GEHOU WORD

Wanneer 'n rekord/inligting kragtens die Wet versoek word, moet die versoeker toegang daartoe verleen word indien die versoeker voldoen aan al die prosedurele vereistes in die Wet wat op die versoek om toegang tot 'n rekord betrekking het. Toegang tot die rekord moet geweier word indien enige grond(e) vir weiering wat in die Wet genoem word, van toepassing is. Toegang mag verleen word indien dit in openbare belang is, ongeag die feit dat daar gronde vir weiering van toepassing op so 'n versoek is.

10.1 Vorm van versoek

Die versoek moet skriftelik op die voorgeskrewe vorm, aangeheg as **Bylae C**, gemaak en gestuur word na:

Die Inligtingsbeampte of die Adjunkinligtingsbeampte
Munisipaliteit Saldanhabaai
Privaatsak X12
Vredenburg
7380

E-pos: Mun@sbm.gov.za

Artikel 18 van PAIA bepaal die prosedure wat gevolg moet word wanneer ’n versoek gerig word om toegang te verkry tot inligting wat deur SBM gehou word. Artikel 23(1) van POPIA bepaal ook die prosedure om toegang tot persoonlike inligting te verkry. Die wyse van toegang tot persoonlike inligting kragtens artikel 23 van POPIA moet in ooreenstemming met artikel 18 van PAIA plaasvind.

’n Versoeker of datasubjek moet die voorgeskrewe vorm in **Bylae C** gebruik wanneer toegang tot ’n rekord of persoonlike inligting versoek word.

’n Versoeker is enige persoon wat ’n versoek om toegang tot ’n rekord van SBM rig en in hierdie verband onderskei PAIA tussen twee soorte versoekers van toegang tot inligting, naamlik persoonlike versoeker (datasubjek) en ander versoeker.

’n Datasubjek is ’n versoeker wat na voldoende bewys van identiteit toegang verlang tot ’n rekord wat persoonlike inligting oor die datasubjek bevat. Behoudens die bepalings van PAIA en POPIA, sal SBM binne ’n redelike tydperk die versoekte inligting verskaf of toegang gee tot enige rekord met betrekking tot die datasubjek se persoonlike inligting (teen voorgeskrewe gelde, indien enige) op ’n redelike wyse en vorm en in ’n vorm wat oor die algemeen verstaanbaar is. Die voorgeskrewe gelde vir reproduksie van die persoonlike inligting wat versoek word, sal deur SBM gehef word.

’n Persoon wat in die kategorie van ander versoeker val, is daarop geregtig om toegang tot inligting ten opsigte van derde partye te versoek. SBM is egter nie verplig om toegang te verleen voordat die versoeker voldoen aan die vereistes vir toegang tot inligting kragtens PAIA en POPIA nie.

Die voorgeskrewe vorm (voltooide **Bylae C**) moet gerig word aan en per hand, pos of e-pos ingedien word by die Inligtingsbeampte wie se besonderhede hierbo uiteengesit is.

Die versoeker moet voldoende inligting verskaf oor die rekord(s) wat versoek word om die Inligtingsbeampte of Adjunkinligtingsbeampte, indien enige, in staat te stel om die rekord(s) te identifiseer. Die voorgeskrewe vorm moet ingevul word met genoeg besonderhede om die Inligtingsbeampte ten minste in staat te stel om die volgende te identifiseer:

a) die identiteit van die versoeker;
b) besonderhede van die rekord wat versoek word;
c) soort rekord;
d) vorm van toegang; en
e) wyse van toegang.

10.2 ’n Paar addisionele, belangrike punte om te onthou wanneer die versoekvorm ingevul word:

a) Die aansoek moet duidelik aantoon watter inligting verlang word en of die versoek om ’n afskrif van ’n rekord is en of die versoeker die rekord by die kantoor van SBM wil besigtig.

b) Die aansoekvorm moet vergesel wees van die voorgeskrewe versoekgelde (vir gelde, verwys na ‘gelde betaalbaar’).

c) Indien ’n persoon in ’n bepaalde vorm toegang versoek, moet toegang op die vereiste wyse aan die versoeker verleen word, tensy dit onredelik met die werksaamhede van die kantoor sou inmeng, die rekord sou beskadig of inbreuk sou maak op ’n kopiereg of vertroulike inligting wat nie in SBM se besit is nie, byvoorbeeld verpligte, beskermde kommersiële inligting van ’n dienslewerar of verskaffer.

d) Indien die versoeker in enige ander vorm buiten ’n skriftelike antwoord in kennis gestel wil word van die besluit rakende die versoek, bv. per telefoon of e-pos, moet dit as sodanig aangedui word.

e) In ’n geval waar die versoeker inligting namens ’n ander persoon aanvra, moet daar ’n aanduiding wees van die hoedanigheid waarin die versoek gerig word.

f) Indien ’n versoeker nie kan lees of skryf nie of ’n gestremdheid het, mag die versoek mondelings gerig word. In so ’n geval moet die Inligtingsbeampte/Adjunkinligtingsbeampte die vorm namens die versoeker invul.

10.3 Voorgeskrewe gelde betaalbaar

a) Artikel 22(1) van PAIA bepaal dat gelde wat vir toegang tot rekords van SBM betaalbaar is, voorgeskryf moet word. Die voorgeskrewe gelde word by **Bylae D** ingesluit.

b) Daar kan van ’n versoeker wat toegang tot enige rekord verlang, vereis word om gelde te betaal tensy daar vrystelling is, soos hieronder na verwys.

10.4 Vrystelling van gelde

Die versoeker hoef nie toegangsgelde aan ’n openbare liggaam te betaal indien –

a) hy of sy ’n enkel persoon is wie se jaarlikse inkomste, ná toelaatbare aftrekkings soos LBS en WVF, minder as R14 712 per jaar is of

b) hy of sy getroud is en die gesamentlike inkomste met sy of haar lewensmaat, ná toelaatbare aftrekkings soos LBS en WVF, minder as R27 192 per jaar is.

10.5 Besluit en kennisgewing

a) Die versoeker sal binne 30 (dertig) dae ná ontvangs van die versoek in kennis gestel word van die Inligtingsbeampte of Adjunkinligtingsbeampte se besluit in hierdie verband, tensy die tydperk vir die hantering van die versoek verleng is. Indien die versoek toegestaan word, moet bykomende toegangsgeld vir die soektog, voorbereiding en reproduksie van die rekord, waar van toepassing, betaal word. Verwys ook na **Bylae D** vir gelde betaalbaar.

b) Die vereiste inligting sal, indien dit beskikbaar is, binne ’n redelike tydperk ná ontvangs van die aansoekvorm en voorgeskrewe gelde aan die versoeker beskikbaar gestel word.

10.6 Oordrag van versoeke

Indien ’n versoek om toegang gerig word ten opsigte van inligting wat nie in SBM se besit is nie of indien die inligting nouer verband hou met ’n ander openbare liggaam, sal die versoek binne 14 (veertien) dae ná ontvangs van die versoek oorgedra word na die ander liggaam/instansie/organisasie wat die inligting kan verskaf. Sodra die versoek oorgedra is, sal die versoeker van al die toepaslike en nodige inligting rakende die oordrag voorsien word; dit sal die besonderhede van die persoon aan wie die versoek oorgedra is, insluit.

10.7 Rekords wat nie opgespoor kan word of nie bestaan nie

In gevalle waar rekords nie opgespoor kan word of nie bestaan nie, en alle redelike stappe gedoen is om die versoekte rekord op te spoor, sal die Inligtingsbeampte by wyse van ’n beëdigde verklaring of ’n bevestiging die versoeker dienooreenkomstig in kennis stel en volledige redes daarvoor verskaf.

10.8 Wegdoening van rekords

a) SBM behou die reg voor om regmatig met sekere rekords weg te doen ingevolge bevoegdhede wat van die Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika verkry is.

b) Versoekers sal meegedeel word of ’n spesifieke rekord mee weggedoen is waar dit met die versoekte rekords verband hou.

c) Kragtens artikel 24(1) van POPIA mag die Reguleerder by ontvangs van die versoek

vanaf ’n datasubjek –

- persoonlike inligting oor die datasubjek in sy besit of onder sy beheer wat onakkuraat, irrelevant, uitermatig verouderd, onvolledig of misleidend is of onregmatig verkry is, regstel of skrap; of
- ’n rekord van persoonlike inligting oor die datasubjek wat die Reguleerder kragtens artikel 14 van POPIA nie meer gemagtig is om te hou nie, vernietig of skrap.

10.9 Uitstel van toegang

Versoeke kan uitgestel word totdat inligting beskikbaar raak. Die versoeker sal dienooreenkomstig in kennis gestel en versoek word om binne 30 dae skriftelike vertoë te rig oor waarom die inligting versoek word voordat dit openbaar gemaak word.

10.10 Weiering van toegang tot rekords

Die Inligtingsbeampte/Adjunkinligtingsbeamptes kan toegang tot rekords weier onder die omstandighede bepaal in Hoofstuk 4 van die Wet (gronde vir weiering van toegang tot rekords), soos verpligte beskerming van die veiligheid van individue, en die beskerming van eiendom. Artikel 45 van PAIA stel SBM in staat om ’n versoek om toegang tot ’n rekord te wyer indien:

(a) die versoek klaarblyklik beuselagtig of kwelsugtig is; of

(b) die werk betrokke by die verwerking van die versoek die hulpbronne van SBM wesenlik en onredelik sal wegkeer.

10.11 Regsmiddele

Regsmiddele is beskikbaar as die versoeker/derde party nie tevrede is dat die besluit van SBM se Inligtingsbeampte of Adjunkinligtingsbeampte aan die bepalings van die Wet voldoen nie. ’n Versoeker/derde party mag ’n interne appèl by SBM indien teen ’n besluit wat deur die Inligtingsbeampte of Adjunkinligtingsbeampte geneem is, indien:

a) ’n versoek om toegang geweier word.

b) die fooie wat gehef word, onaanvaarbaar is.

c) die tydperk waarin ’n besluit oor toegang tot ’n rekord geneem moet word, verleng word.

- toegang tot ’n rekord nie verleen word in die versoekte vorm nie, bv. elektroniese afskrif in plaas van ’n gedrukte afskrif.
- ’n derde party mag ’n interne appèl by SBM indien teen ’n besluit wat deur die Inligtingsbeampte of Adjunkinligtingsbeampte gemaak is om inligting ten opsigte van die derde party bekend te maak.

10.12 Appèlprosedure

’n Interne appèl moet binne ’n tydperk van 60 (sestig) dae op die voorgeskrewe vorm, aangeheg as **Bylae E**,

a) ingedien word;

b) indien kennisgewing aan ’n derde party kragtens artikel 49(1)(b) vereis word binne 30 (dertig) dae nadat daar aan die appellant kennis gegee is van die besluit waarteen geappelleer word of indien kennisgewing aan die appellant nie vereis word nie, nadat die besluit geneem is.

c) Die interne appèl:

- moet afgelewer, gepos of per elektroniese pos gestuur word na die Inligtingsbeampte of korporatiewe Adjunkinligtingsbeampte.
- die onderwerp van die interne appèl identifiseer en die redes vir die appèl meld.

- melding maak van die wyse waarop die appellant, benewens ’n skriftelike antwoord, van die besluit oor die interne appèl meegedeel wil word.
- indien van toepassing, vergesel wees van die voorgeskrewe appèlgelde.
- moet ’n posadres of e-posadres spesifiseer.
- die Inligtingsbeampte of Adjunkinligtingsbeampte moet binne 10 (tien) werkdae na ontvangs van ’n interne appèl dit by die Appèlowerheid, naamlik die Speaker, vir oorweging indien.
- laat appèlle mag toegelaat word as ’n goeie rede daarvoor voorgelê word.

10.13 Aansoeke by die hof

’n Versoeker of derde party mag slegs by ’n hof aansoek doen indien die interne appèlprosedure teen ’n besluit van die Inligtingsbeampte of Adjunkinligtingsbeampte uitgeput is.

11. SBM SE DIENSTE WAT VIR LEDE VAN DIE PUBLIEK BESKIKBAAR IS EN HOE OM TOEGANG TOT DAARDIE DIENSTE TE VERKRY

11.1 Bevoegdhede, pligte en funksies

SBM poog om vinnige, doeltreffende dienste aan en kommunikasie met ons publiek te verseker. Indien u telefonies met iemand moet skakel of nie weet wie om te kontak nie, raadpleeg SBM se lys kontakte hieronder.

Algemene navrae

Skakelbord: 022 701 7000

Rekeninge en algemene navrae	022 701 7129 of 022 701 7040 of 022 701 7138 of 022 701 7057 of 022 701 7070 of 022 701 7160
Navrae oor water	Meld waterverwante aangeleenthede 24/7 aan by ons inbelsentrum by 022 701 7061 of 022 701 6974
Navrae oor elektrisiteit	Meld elektrisiteitsverwante aangeleenthede 24/7 aan by ons inbelsentrum by 022 701 7061 of 022 701 6974
Navrae oor motorvoertuie	022 701 7029 of 022 701 6919
Verkeersboetes	022 701 6902 of 022 701 6918
Wetstoepassing	022 701 6912
Vaste afval	022 701 7079
Bedrogblitslyn	0800 444 990

Noodgeval	**Kontakbesonderhede**
Brande	0860 073 473

Algemene e-pos: mun@sbm.gov.za

12. OPENBARE BETROKKENHEID BY DIE FORMULERING VAN BELEID OF DIE UITOEFENING VAN BEVOEGDHEDE OF UITVOERING VAN PLIGTE DEUR SBM

